

# Mason sal bly leef in haar werk

## Vlugskrif

Amanda Gouws



Vandag wil ek hulde bring aan Judith Mason, een van Suid-Afrika se grootste kunstenaars, wat einde verlede jaar dood is.

Vir my voel die verlies persoonlik omdat ek haar geken het. In 2016 het sy toestemming gegee dat een van haar kunswerke, *Our Lady of the Transit Camp*, op die voorblad van my en my mederedakteur se boek oor multikulturalisme verskyn.

In 2009 het ek 'n rondleiding vir haar uitstalling *Judith Mason – A Prospect of Icons*, in die Sasol-kunsmuseum op Stellenbosch gedoen. Dit was die uitstalling waarop sy onder meer Dante se *Goddelike komedie* uitgebeeld het.

As 'n politieke wetenskaplike is ek gevra om die werk uit 'n kontemporêr politieke oogpunt te interpreteer – 'n groot voorreg vir my.

Mason se werk spreek tot my omdat dit op sosiale toestande kommentaar lewer – soms in ontstellende klaarheid. Van haar werk val hard op die oog en is moeilik om na te kyk. Dít is wat haar werk so besonders en uniek maak – verwronge beelde wat iets oor die menslike toestand sê.

Mason het volgehou haar werk is nie polities nie. Volgens haar sou die proses om “deur beelde te dink” bots met 'n politieke aanslag. Maar sy het ook gesê: “Elke kunswerk is 'n politieke daad.”

Vir my het haar werk diepliggende politieke betekenis.

Die Franse psigoanalisis Julia Kristeva praat van liniêre tyd (geskiedenis) en monumentale tyd, wat die tyd is van die liggaam, siklusse en die lang voortdoring van vroue se verhouding met voortplanting en die voorstellings daarvan.

Mason se werk kan geïnterpreteer word in die konteks van monumentale tyd, wat 'n ruimte skep vir die uitbeelding van die liggaam (veroudering, vigs, geweld en so meer) en die interpretasie daarvan vir kontemporêre politiek.

Mary Daly, 'n radikale feminis, praat van die *sado-ritual*-sindroom, waardeur patriargie die bydraes van vroue uitwis – soos om hekse te verbrand. Die gebruik van vuur is om te suiwer, maar ook om uit te wis.

Mason se interpretasie van Dante se vagevuur en hel spreek tot die verontmensliking van die samelewing, van die geweld wat ons op mekaar uitoefen in 'n nimmereindigende vagevuur.

Maar nie alles is hopeloos nie. Mason se ikonografie van Arachne oftewel

die wewende spinnekop, spreek tot een van die oudste aksies van vroue – weef. Vroue weef verhoudings en lewens.

Haar bekende *The Man who Sang and the Woman who Kept Silent* hang in die portaal van die konstitusionele hof. Sy het die skildery gemaak om 'n slagoffer van 'n teregstelling deur die apartheidstaat “te klee”.

Met die opgrawe van haar oorskot tydens die waarheids-en-versoeningsproses is dié vrou se lyk nakend gevind, met net 'n blou broekie wat sy uit 'n plastieksak gemaak het om haar naaktheid te bedek.

Dit het Mason só geraak dat sy 'n skildery gemaak het van 'n swewende blou rok bokant brandende konkas en ronddraaiende hiënas. Die rok het sy ook uit blou plastieksakke gemaak.

Oor haar beelde van diere het sy gesê: “Liberating oneself, giving in to one's animal spirits is a sort of game I play with these souls. We are all basically animals after all, and our ecological salvation may lie in accepting that fact” (*Prospect of Icons*, bl. 91).

Judith Mason sal in haar werk voortleef.

■ Ek wens lesers 'n voorspoedige nuwe jaar toe – een wat beter sal wees as 2016!

■ Prof. Gouws is verbonde aan die departement politieke wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch.